



menlo-insig

8/2025

13 Maart 2025

LIEWE MENLO

Vandeeweek lui die foon in die Insigkantoor. “Help,” hyg die stem aan die ander kant. “My tiener gee my opdraande.” Dit is toe dat die Insig die fisiologie van ’n jaar begin dissekteer en tot ’n interessante gevolgtrekking kom.

Die maand, Maart, is nie verniet na Mars, die Romeinse god van oorlog vernoem nie, want dit is in Maart wanneer ons gewoonlik vir die eerste keer met ’n nuwe jaar begin stoei. Teen Maart het die opwinding van ’n vars begin al so ’n bietjie afgeweer en party van ons spog selfs met oorlogswonde ... ’n Toetspunt wat nie kongruent aan jou nuwejaarsvoorneme is nie, ’n aantrekklike Menlo-man of -meisie wat oral kyk, behalwe in jou rigting, of gesinslede, soos in die benoude stem se geval, wat die geduld beproef. Boonop is die ritme op Menlo-bodem so vinnig dat daar meer as sestig sekondes in ’n Menlo-minuut pas – ’n verskynsel wat net die Parkies, Batman en Chuck Norris sal verstaan.

Daar is egter nog ’n verskynsel wat eie aan Menlo-park is. ’n Fenomeen wat ons opponente laat watertrap en die wêreld verstom, want dit maak nie saak hoe groot die uitdaging is of wat die beurtkragsekdule voorspel nie – op Menlo-bodem vind ons altyd krag om mekaar op te lig. Nie eers ’n busrit om 02:30 na ’n wintersportbestemming kon Parkie-durf vandeeweek laat wankel nie!

Maart is inderdaad nie verniet na die Romeinse god van oorlog vernoem nie. Op Menlo-bodem sneuwel die uitdagings een vir een en teen hierdie tyd weet elke Parkie dit: *Excelsa Petamus* is ’n werkwoord!

Baie dankie aan al die Parkies wat vandeeweek ’n maat opgelig en geïnspireer het. Die resultaat hiervan is duidelik in die sukses wat daar op die sportveld, in die klaskamer en op die verhoog behaal word, sigbaar.

Saam streef ons die hoogste na!

Geniet die opsomming van die week se Menlo-gebeure!



Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.

Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.
Alle moeders is welkom!

Teks: Psalm 139:4

“Ek het jou wonderbaarlik gemaak.”

DAGBOEK

- 14/3** Pi-dag
Tennis: Senior seunsliga
Dogtershokkie: OMS (weg)
Atletiek: AGN SA kampioenskap (Pilditch)
- 15/3** Seunshokkie: Grey Kollege (weg)
Dogtershokkie: Eunice (weg)
Perdesport: SANESA 2
- 17/3** Gholf: GN Geslote kampioenskap
Muurbal: Liga
- 18/3** Tennis: Junior dogtersliga
Dogtershokkie: Montana (weg)
Redenaars: Van Huyssteens Orators' Festival (English)
- 19/3** Redenaars: Van Huyssteens Oratorsfees (Afrikaans)
- 20/3** Tennis: Junior seunsliga
Redenaars: Van Huyssteens Orators' Festival (Bilingual)

“Kia orana!”

“Mag jy lank lewe en mag jy goed lewe. Mag jy soos die son skyn. Mag jy met die golwe dans.”

Dit is die woorde waarmee die vrou van die Cook-eilande wat die tema vir vanjaar se Wêreldbiddag vir vroue gekies het, mekaar daaglikas groet. Wêreldbiddag vir vroue word jaarliks op Menlo-bodem gevier en 2025 was geen uitsondering nie. Die verrigtinge is met lofsang geopen waarna die vrou en dogters deur die sprankelende Suné Sutton toegespreek is. Me. Alicia Retief en die Menlo-ma's wat weekliks onder leiding van Elize-Marie van Jaarsveld vir die skool bid, het aan die stuur van sake gestaan. Baie dankie vir julle omgee!



MENLO
Soirée
(S.nw.)
Gesellige geleentheid waar vriende om tafels kuier terwyl hulle 'n musikale verskeidenheidskonsert geniet.

26 Maart | 18:30
Menlo-skoolsaal
Drag: Semiformeel
Besprekings: R120 by Menlo-ontvangs.



MENLO-MUSIEK-AKADEMIE

VOORSPEELKONSERT
Klassieke musiek

Jy word hartlik uitgenooi om hierdie geleentheid saam met ons te geniet.

VRYDAG, 14 MAART 2025
17:30 VIR 18:00
Die konsert duur ongeveer een uur.
MENLO-MUSIEKGEBOU
DRAG: DEFTIG INFORMEEL

Kuier gerus na afloop van die konsert saam met ons oor 'n heerlike koppie koffie.





Menlo-Matrieks 2024

Die uitslae maak steeds opslae!

40 addisionele A's is toegeken

Totaal: 808 A's

HERMERK

▪ **2,5A's per leerder**

▪ Eng FAL	19	▪ Toerisme	1
▪ Afrikaans	2	▪ Geskiedenis	1
▪ Wiskunde	6	▪ RTT	1
▪ Dramatiese Kuns	1	▪ Wiskundige Geletterdheid	1
▪ Ekonomie	3	▪ Besigheidstudies	1
▪ Lewenswetenskappe	2	▪ Visuele Kuns	1
		▪ Rekeningkunde	1

Baie geluk

#jouplekismenlo



Menlo-ondersteunersdrag

Maak gerus 'n draai by Menlo se sportwinkel as jy die volgende Menlo-byeenkoms in ondersteunersdrag wil bywoon!

- Damesgolfhemp
- Dameshoedjie
- Mansgolfhemp
- Manshoed (*bucket hat*)
- *Soft shell*-baadjies
- Menlo-sambrele

Hou hierdie spasie vir meer items dop en ondersteun jou kind se span voluit!

Let asseblief daarop dat die skoolwapen slegs met goedkeuring van bestuur en die bemarkingskantoor gebruik mag word.

Menlo-sportwinkel: Tinus Vermaak
(sportsupplies@telkomsa.net)

Graad 8-Parkieraad bekend

Dogters

Danika Geysler, Clara Blignaut, Riana Swanepoel, Anzell van Lingen, Chanté van Tonder, Emily de Jager, Li-Ané Haasbroek, Miané Campher, Kyra Grobler, Nina Viljoen, Cara Pienaar, Lyanda Magwentshu, Zanda-Lee Brink en Katelin Robertson.


Seuns

Aiden Rheeder, Liam Senekal, Wehann Snyman, Anton Lourens, Jo van der Vyfer, Heindrich Vögel, Rudo Rheeders, Stiaan Pretorius, Liam Coertzen, Duart Loots, Fourie van der Merwe, Jean Vorster, Logan Roode en Ryan Roos.



Menlo-drywer hou kop

Gilbert Molai is 'n man met murg in sy pype en senuwees van staal. Hierdie ervare drywer spandeer ure op die pad waar hy die Parkies daaglik veilig by hulle bestemmings besorg – 'n taak wat Gilbert met erns bejeën. Dit is hoeka as gevolg van sy oplettendheid dat hy die Parkies onlangs moeiteloos uit 'n gevaarlike situasie gered het. Gilbert het besef dat hy die pad met 'n reusevragmotor waarvan die remme onklaar geraak het, deel. Hy het die situasie vinnig opgesom om die gevaar te sistap. Die vragmotor het in 'n klomp voertuie ingeploeg, maar die Parkies was absolut ongedeerd. Welgedaan!



WINTERSPORT

NWU-SKOLESSPORTREEKS



VS.



UITSLAE

8 Maart 2025

*Menlopark se tellings eerste

O. 19A	78	7	O. 15A	10	6
O. 19B	56	12	O. 15B	12	17
O. 16A	20	27	O. 14A	17	5
O. 16B	12	7	O. 14B	38	12



RUGBY

NWU-SKOLESSPORTREEKS



VS.



UITSLAE

8 Maart 2025

*Menlopark se tellings eerste

O. 14A	44	6	O. 16A	18	8
O. 14B	45	1	O. 18B	42	5
O. 15A	31	14	O. 19 B	28	8
O. 15B	27	2	Istes	55	15

NETBAL

NWU-SKOLESSPORTREEKS



VS.



UITSLAE

8 Maart 2025

*Menlopark se tellings eerste

O. 14A	Seuns	4	2
O. 14A	Dogters	3	0
O. 15A	Dogters	2	1
O. 15B	Dogters	7	0
O. 16A	Seuns	14	0
O. 16A	Dogters	7	1
2des	Dogters	12	0
Istes	Seuns	8	0
Istes	Dogters	14	0

HOKKIE

YOUNG EAGLES-HOKKIETOERNOOI



UITSLAE

Potchefstroom 7-9 Maart

*Menlopark se tellings eerste

Istes: Seuns		Istes: Dogters	
vs. NW 2 Invitational	1 4	vs. NW 2 Invitational	1 0
vs. Noordheuwel	3 0	vs. St. Mary's Waverley	1 0
v.s Gimmies	3 1	vs. NW Invitational u. 21	0 6
vs. Sasolburg	2 1	vs. Noordheuwel	4 3

HOKKIE



DAGBOEK MENLO OPEDAG 2025

MAANDAG 12 MEI | 14:29

Wees daar en Wees deel!

DIE DATUM





Parkies laat Gauteng-rekords spat

Pilditch se blou karousel het verlede week gasheer vir Gauteng se skolekampioenskap gespeel.

Hier volg 'n kort opsomming van die prestasies wat deur Menloparkers behaal is.

Rekords

Janelle Kirkpatrick (o. 15)
90 m-hekkies & 300 m-hekkies

Leon Stoltz (o. 17)
2 000 m-hindernis

Gouemedaljewenners: 9

Juané Jordaan
Ruvé van der Ende
Zanta Lourens
Leon Stoltz
Janelle Kirkpatrick (x 2)
Megan Nieman
Jaco van Dyk

Silwermedaljewenners: 7

Megan Nieman
Juané Jordaan
Mia Botha
Anneke Steynberg
Ewan Lourens
Merlé Janse van Rensburg
Aidan Erasmus

Bronsmedaljewenners: 7

Ruvé van der Ende
Ruan Nieman
Daniëlla Fourie
Merlé Janse van Rensburg
Chris Swanepoel (x 2)
Aidan Smit

MMA, die beste in SA?

Die MMA-spelers het 'n bedrywige tyd agter die blad, maar die uitslae van beide die NJSA Closed Ranking-toernooi (Pretoria), sowel as die Technifibre Bloem Open (Bloemfontein) bewys die waarheid in die woorde van gholflegende, Gary Player: "The harder you work, the luckier you get."

Die muurbalspelers se toewyding gaan nie ongesiens verby nie. Baie geluk met puik uitslae.



NJSA Closed Ranking-toernooi

JD Smuts	O. 19A	1ste
Riaan Agenbacht	O. 16A	2de
Mian Erasmus	O. 14B	1ste
Dewald de Graaf	O. 16B	3de
Mia Kieser	O. 14A	2de

Technifibre Bloem Open

JD Smuts O. 19A 8ste
Kwalifiseer vir deelname aan SA Top 10-toernooi

Melissa de Wet O. 19A
Behaal 'n top-20-posisie

Mia Teichler O. 16B 8ste

Gauteng-Hoërskoleliga

Menlo se dogterspan eindig derde!

Spanlede:
Mia Teichler, Leila Retief, Melissa de Wet en Isabeau van Helsdingen.

Parkies behaal waterdigte prestasies

Verskeie Menloparkers het die Menlo-bodem onlangs vir die sportveld, swembad, dam en ysskaatsbaan verruil. Baie geluk met uitstekende prestasies!



Gauteng-Noord se interprovinsiale tweekampbyeenkoms

Jaydin Bresler	O. 17	1ste
Max Wilkins	O. 15	2de
Clarisé van Niekerk	O. 17	2de

Die volgende Parkies sal Gauteng-Noord by die SA Tweekampkampioenskap in Oudtshoorn verteenwoordig: Max Wilkins, Clarisé van Niekerk, Janus de Villiers en Simeon Kruger.

Nasionale oopwaterswemkampioenskap

Jayden Ciampi	3 km: 3de	5 km: 4de	Junior aflos: 2de
---------------	-----------	-----------	-------------------

Gauteng-sierskaatskampioenskap

Tristané Schmulian Division A Advanced Novice Ladies: 1ste

Open Pony

Kera-Madison Macfarlane is tans boaan die SA ranglys.

ALGEMEEN

Pa-en-seunaand: Afskop van nuwe Menlo-tradisie

Daar is onlangs 'n nuwe tradisie op Menlo-bodem in die vorm van 'n gesellige pa-en-seunaand begin. Die doel van die funksie is enersyds om 'n kuiergeleentheid aan pa's en hulle seuns te bied en andersyds om fondse vir die aktiwiteite wat op Menlo-bodem aangebied word, in te samel.

Loft at Nine het gasheer vir die spesiale geleentheid gespeel waartydens Bakkies Botha, John-Laffnie de Jager en Arnold Geerds hulle ervarings met die gehoor gedeel het.

Dit is moeilik om 'n hoogtepunt uit te sonder, maar die aand se veiling het beslis 'n paar winskope opgelewer.

Me. Méhan de Vries verdien 'n pluimpie vir haar seepgladde reëlings. Hou gerus die Insig vir inligting oor die skool se gholfdag wat eersdaags plaasvind, dop.





MENLO-INLIGTING

EKSTRA KLASSE

Wiskunde

Graad 8: Maandae
 Graad 9: Woensdae
 Graad 10: Dinsdae
 Graad 11: Maandae
 Graad 12: Donderdae
 Inligting (tye en lokale) is by wiskunde-onderwysers beskikbaar.



Fisiese Wetenskappe

Graad 12: Maandae in D2
 Graad 11: Dinsdae in H9
 Graad 10: Donderdae in H10

Vraag-en-antwoordsessies:
 14:10 - 15:00

TOETSTOESTERS

Raadpleeg die skool se webblad.



MENLO-SPORTWINKEL

(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)

Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
 (082 322 6081)

1ste tot 3e kwartaal

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

4e kwartaal

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45



MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
 (lize.preston@menlopark.co.za)
 Slegs per afspraak.



BEMARKINGSKANTOOR



ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- **Menlo is kontantloos!**



SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
 (estelle.velloen@menlopark.co.za)



ED-ADMIN

- Maak asseblief seker dat u die toep op u foon installeer.
- Menlo-nuus en Menlo-kommunikasie is op die toep beskikbaar.
- Het u besonderhede dalk verander? Verander gerus self u telefoonnommer, adres of e-posadres op die toep.



WEEKLIKSE BEPLANNING

Die beplanning word weekliks op die klasgroepe geplaas. Raadpleeg gerus u kind.



Belangrike skakels: • [Rugby](#) • [Hokkie](#) • [Netbal](#) • [Kultuur](#) • [Toetsrooster](#)



DAGBOEK
die datum
8 Mei 2025
Menlo-golfdag
 Woodhill Buiteklub

Navrae: Me. Méhan de Vries
 mehah.devries@menlopark.co.za



DAGBOEK DIE DATUM
17 OKTOBER 2025

Prestigedinee en -wynveiling

Pretoria Country Club

Navrae: Me. Méhan de Vries
 mehah.devries@menlopark.co.za

Menlo is MySchool... Swaai asb. u kaart en Boost ons inkomste

MySchool en Boost Procurement is inisiatiewe waar ouers fondse vir die skool kan insamel sonder dat dit hulle enigets kos.

MySchool

Installeer die MySchool-toep op u foon en volg die [skakel](#) na MySchool se webblad om die proses via hierdie platform te voltooi. Skakel gerus die volgende nommer indien u enige probleem ondervind: 0860 100 445.

Boost

Volg die [skakel](#) en kies "Parents join here."



MARKPLEIN

Fak SAWV / SADTA

Volg in die voetspore van helde uit die verlede

DIE SAWV EN FAK BIED AAN
4X4-SLAGVELDUITDAGING

1-4 MEI 2025
VOLKSRUST-OMGEWING

Pieter 082 882 2955
Egbert 083 400 7075

www.fak.org.za

UNCAPPED LTE from only **R299** p/m

axcess
Internet your way

Julle is helde!

★★★★★

Baie dankie, WIRUlink. Julle is helde. Dankie dat julle die tyd geneem het om die probleem te analiseer en dit op so 'n professionele en vinnige manier op te los. Julle is ongelooflik, en ek kan julle nie genoeg bedank nie!

Reghardt

Jou **BESTE** Plaaslike Internet Verskaffer.

wirUlink
wireless • fibre • voice • data

S

SMAAKLIK

Heerlike vargebakte gemmerkoekies gemaak met regte botter

R160/ KG

0722318574